8- 2007 - 16: 1

Reaksie op DVD: 04

Andries van Aarde

Die Dekaan
Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
15 Augustus 2007

Geagte prof CJA Vos

Insake: wtl-produksies se DVD "'Nuwe Strominge' in die Teologie: Word die hart van die evangelie uitgeruk?"

In die gemelde DVD word sekere dosente van die teologiese fakulteit (UP) verkwalik en ander dosente van dieselfde fakulteit as verweerders uitgebeeld.

Omdat ondergetekende, emeritusprofessor AG van Aarde, uitdruklik en herhaaldelik ter sprake gebring word, reken ek dit nodig om u aandag daarop te vestig dat foutiewe inligting oor my oortuigings in hierdie DVD berig word. Hierdie inligting kan as kwaadwillig geïnterpreteer word.

In die aangehegte kopieë uit enkele van my publikasies en Christologie-lesings wat ek in die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap gedoseer het, is my standpunt oor die geboorte van Jesus Christus duidelik.

Op wetenskaplik-eksegetiese en historiografiese gronde oordeel ek dat *bewerings* van "nie-Jesus volgelinge" in die vroegste eeu van die Christelike era dat Jesus se moeder 'n "hoer" sou wees en dat sy geboorte aan Jesus gegee het na verkragting deur 'n Romeinse soldaat histories onbewese is. Die DVD berig presies die teenoorgestelde.

Neem asseblief kennis van my teleurstelling rakende hierdie ón-evangeliese verwysings na my teologie.

Wees egter verseker van my verbintenis tot die handhawing van evangeliese waardes en van my solidariteit met en ondersteuning van die histories- en literêr-kritiese wetenskaplike werk van my kollegas in die teologiese fakulteit.

Met hoogagting

Die uwe

Prof A G van Aarde

http://www.teo.co.za (2007-08-20)

****